gebruik nie: Met dien verstande dat indien dit ondoenlik is om ‘n pyp op enige ander as bogenoemde manier aan te lê of aan te bring, die deel daarvan wat aldus aangelê of aangebring word, deur ‘n smeeysterbuis of-kis aangelê moet word wat lank en sterk genoeg en sodanig gemaak is dat dit die pyp daarin behoorlik kan beskerm, en wat sal meebring dat enige water wat uitlek of vermors, maklik opgemerk kan word.

Leakage of taps or pipes

50(1) No person shall cause or permit any pipe, tap or fitting to leak, and no tap or fitting shall be installed in such position that any leakage connot readily be detected.

(2) No consumer shall be entitled to any rebate in respect of the wastage of water due to faulty fittings or undetected leakage in any part of the water installation.

(3) Any work or repair, digging or replacement, or any other operation which the council undertakes to, or in respect of, its mains, including stop cocks, in order to enable a consumer to carry out repairs or other work to his own water installation, shall be undertaken by the council at the consumer's expense.

Pipes and stand pipes to be securely fixed

51(1) All pipes, except those laid in the ground, shall be securely fixed at frequent intervals to that portion of the wall or other rigid portion of the structure along which they pass.

(2) All stand pipes or other pipes projecting above the ground and not otherwise secured to any structure shall be securely fixed to a stake securely driven into the ground, or by other means approved by the engineer, in such a manner as to prevent undue movement of such stand pipe or pipes.

Krane of pype wat lek

50(1) Niemand mag 'n pyp, kraan of toebehore laat lek nie of toelaat dat dit lek nie, en geen kraan of toebehore mag op so 'n plek aangebring word dat 'n lekplek nie maklik opgemerk kan word nie.

(2) Geen verbruiker is geregtig op enige afslag vir water wat weens gebrekkige toebehore of onopgemerkte lekplekke in enige gedeelte van die verbruikerswaterstelsel vermors raak nie.

(3) Die verbruiker moet die koste betaal van alle herstel-, uitgrawings-, of vervangingswerk of enige ander werk wat die raad aan of ten opsigte van sy hoofleidings, insluitende afsluitkrane, verrig ten einde 'n verbruiker in staat te stel om herstel- of ander werk aan sy eie waterstelsel te verrig.

Pype en staanpype moet stewig vasgeheg word

51(1) Alle pype, behalwe diè wat in die grond aangelê is, moet op verskeie plekke stewig aan diè deel van die muur, of aan 'n ander stewige deel van die bouwerk, waarlangs dit loop, vasgeheg word.

(2) Alle staanpype of ander pype wat bokant die grond uitsteek en nie aan enige bouwerk vasgeheg is nie, moet stewig aan 'n pen wat styf in die grond ingeslaan is, of op 'n ander wyse wat deur die ingenieur goedgekeur is, vasgeheg word sodat diè staanpyp of –pype nie onnodig beweeg nie.

Cistern or tank in ground

52. No cistern or tank buried or installed in any excavation in the ground shall be used for the storage or reception of water supplied by the council and intended for human consumption.

Taps for domestic use

53. Other than those discharging from the hot water system, taps to supply water for domestic puposes in dwelling houses or residential buildings or for drinking puposes or any other type of premises shall be connected to a water installation pipe at a point before such pipe enters a cistern or tank and shall not be supplied from any cistern or tank: Provided that in buildings where water supply is required above the level at which a regular and adequate supply is available fom the mains, it may be taken from a tank or cistern which shall be constructed in accordance with the provisions of these by-laws.

Connection of sundry apparatus

54(1) No person shall cause or permit any water installation pipe to be connected directly to any water closet, urinal, steam boiler or trade vessel or apparatus.

Waterbak of tenk in grond

52. Geen waterbak of tenk wat in ‘n uitgrawing in die grond toegemaak of daarin aangebring is, mag gebruik word om water wat die raad verskaf en wat vir menslike verbruik bedoel is, in op te gaar of te hou nie.

Krane vir huishoudelike gebruik

53. Krane wat bedoel is om water vir huishoudelike doeleindes in woonhuise of woongeboue, of vir drinkdoeleindes op enige ander soort peseel te verskaf, behalwe krane wat met die warmwaterstelsel verbind is, moet aan die verbruikersleiding aangebring word op ‘n plek voordat die pyp in ‘n waterbak of tenk gaan, en mag nie van enige waterbak of tenk af van water voorsien word nie: Met dien verstande dat in geboue waar water benodig word bo ‘n vlak waar daar nie ‘n gereelde en voldoende toevoer van die hoofleiding af beskikbaar is nie, dit uit ‘n tenk of waterbak wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordeninge gemaak is, verkry kan word.

Verbinding van diverse toestelle

54(1) Niemand mag veroorsaak of toelaat dat ‘n vebruikersleiding regstreeks met ‘n waterkloset, urinoir, stoomketel of handelsbak of –toestel verbind word nie.

(2) Every water closet, urinal, steam boiler, trade vessel or apparatus shall be fed separately and directly from a cistern installed solely for that purpose: Provided that the council may approve of any such fitment being connected direct to the water installation without the interposition of a cistern or break-pressure tank, where adequate means for the prevention of reverse flow or re-entry of water from such fitment to the water installation are provided.	(2) Elke waterkloset, urinoir, stoomketel, handelsbak of –toestel moet afsonderlik en regstreeks van die waterbak af wat uitsluitlik met die doel aangebring is, van water voorsien word: Met dien verstande dat die raad dit kan goedkeur dat sodanige toestel regstreeks met die verbruikersleiding verbind kan word sonder dat daar ‘n waterbak of drukverlagingstenk tussenin aangebring hoef te word, mits daar op doeltreffende wyse verhoed kan word dat die water terugvloei, of dat die water van so ‘n toestel af weer in die verbruikersleiding terugloop.
Cistern or tank	***Waterbak of tenk***
55(1) No person shall install, fit, use or cause or permit to be installed, fitted or used upon any premises a cistern or tank for the reception or storage of water, other than a cistern used for flushing water closets or other sanityary fittings, unless-	55(1) Niemand mag ‘n waterbak of tenk wat bedoel is om water in op te vang of in te hou, behalwe ‘n waterbak wat vir die verspoeling van waterklosette of ander sanitêre toestelle gebruik word, op ‘n perseel aanbring, bevestig of gebruik, of laat aanbring, bevestig of gebruik, of toelaat dat dit geskied nie, tensy -
(a) the cistern or tank is constructed of a material which in the opinion of the engineer is sufficiently strong for the purpose and capable of resisting corrosion;	(a) die waterbak of tenk gemaak is van ‘n materiaal wat na die mening van die ingenieur sterk genoeg vir die doel en korrosiebestand is;
(b) the cistern or tank is watertight, vermin proof, and properly covered and ventilated;	(b) die waterbak of tenk water- en rotdig is, en behoorlik toe en geventileer is;
(c) the cistern or tank is provided with access covers which shall be bolted down or locked in position at all times, except when opened for inspection;	(c) die waterbak of tenk met toegangsdeksels voorsien word wat vas afgebout of in posisie gesluit word te alle tye, behalwe wanneer dit vir inspeksiedoeleindes oopgemaak word;
(d) the inlet pipe to the cistern or tank is provided with a ball, tap or check valve of a type approved by the engineer;	(d) die inlooppyp na die waterbak of tenk ‘n soort vlottekraan of afsluitklep aan het wat die ingenieur goedgekeur het;

(e)	*the cistern or tank is so placed that it may be readily drained and inspected and cleaned inside and outside;*	(e)	die waterbak of tenk op sodanige wyse aangebring is dat dit maklik leeg gemaak en binne en buite ondersoek en skoongemaak kan word;
(f)	*a stop-cock is fitted to the outlet pipe near to each cistern or tank so that repairs to any pipe leading from or to apparatus fed by the cistern or tank can be effected without emptying the latter;*	(f)	daar ‘n afsluitkraan aan die uitlooppyp naby elke waterbak of tenk aangebring is sodat die pyp wat van die waterbak of tenk af loop, of die toestel wat daaruit van water voorsien word, herstel kan word sonder dat die waterbak of tenk eers leeggemaak hoef te word;
(g)	*a brass sampling cock is fitted to the cistern or tank to enable the engineer to draw samples of the water stored therein when necessary for testing purposes;*	(g)	‘n geelkoper monsternemingskraan aan die waterbak of tenk aangebring is om die ingenieur in staat te stel om monsters van die water wat daarin opgegaar word, af te tap wanneer vir toetsdoeleindes nodig;
(h)	*the cistern or tank is provided with an adequate drainage system to ensure that the premises are not flooded in the event of leakage or accidental overflow, the capacity of such drainage system to be such that it will be capable of discharging water at a rate at least equal to the rate of flow of the incoming supply and the outlet of the drainage discharge pipe to be so situated that the discharge of water may be readily detected.*	(h)	die waterbak of tenk met ’n voldoende dreineringstelsel voorsien is om te verseker dat in die geval van lekkasie of toevallige oorloop die perseel nie oorstroom word nie, die kapasiteit van sodanige dreineringstelsel genoegsaam is om water te laat uitvloei teen ‘n tempo wat minstens gelyk staan aan die tempo van vloei van die inkomende toevoer en die uitlaat van die dreineringsuitlaatpyp so geplaas word dat die uitvloei van water maklik bespeur kan word;
(2)	*In the event of water stored in the cistern or tank becoming contaminated in any way, the consumer shall on instructions from the engineer take immediate steps to drain the cistern or tank, cleanse it and disinfect it to the standards set by the engineer before re-filling and replacing in service.*	(2)	Ingeval die water wat in die waterbak of tenk opgegaar word enigsins besoedel word, moet die verbruiker in opdrag van die ingenieur dadelik stappe doen om die waterbak of tenk te dreineer, dit skoon te maak en te ontsmet volgens die standaard deur die ingenieur gestel voordat dit hervul en weer in diens gesit word.

(3) When a cistern or tank on account of age or deterioration or for any other reason, no longer complies with the requirements of this section, the consumer shall adequately repair or entirely replace the tank or cistern within 60 days of receipt of written notice from the engineer to do so.

(3) Waanneer ‘n waterbak of tenk, weens ouderdom of verslegting of vir enige ander rede nie langer aan die vereistes van hierdie artikel voldoen nie, moet die verbruiker die waterbak of tenk voldoende herstel of heeltemal vervang binne 60 dae na ontvangs van skriftelike kennis van die ingenieur om dit te doen.

(4) When a continuous supply of water to the premises is required, the required cisterns or tanks shall be provided in duplicate.

(4) Wanneer ‘n aanhoudende watervoorsiening aan die perseel benodig word, moet die vereiste waterbakke of tenks in tweevoud voorsien word.

Overflow pipe to cistern or tank

Morspype na waterbak of tenk

56. Every cistern or tank shall be provided with an overflow or waste pipe, the situation of which shall admit of the discharge of water being readily detected.

56. Elke waterbak of tenk moet ‘n oorloop- of morspyp aanhê wat so geleë is dat water wat daaruit loop, maklik bespeur kan word.

Capacity of cistern

Inhoud van waterbak

57. Every steam boiler and any premises which require, for the purpose of the work undertaken on the premises, a continuous supply of water, shall have a cistern holding not less than half a day’s supply calculated according to the average daily consumption.

57. Elke stoomketel en enige perseel wat, met die oog op die werk wat op sodanige perseel verrig word, ‘n gereelde toevoer water moet hê, moet ‘n waterbak hê wat minstens voldoende water kan hou vir ‘n halfdag se verbruik, bereken voglens die gemiddelde daaglikse verbruik.

Water-heating apparatus

Waterverwarmingstoestelle

58(1) Every boiler, hot-water tank or other water-heating apparatus connected to a water installation pipe shall be of a type, design and material tested and approved by the council and shall be provided with an unobstructed outlet or expansion pipe, safety valve or other pressure release device which is adequate for the release of excess pressure, and the design, specification and position of which have been approved by the council and which releases either into the open air in a position where

58(1) Elke ketel, warmwatertenk of ander waterverwarmingstoestel wat met die verbruikersleiding verbind word, moet van ‘n soort, ontwerp en vervaardig wees van material wat deur die raad getoets en goedgekeur is, en moet ‘n onbelemmerde uitlaat- of oorkookpyp, veiligheidsklep of ander drukvrylatingstoestel aanhê wat voldoende is om buitesnporige druk vry te laat en waarvan die ontwerp, spesifikasie en ligging deur die raad goedgekeur is, en wat òf regstreeks in die buitelug op ‘n plek waar water wat

water discharging can easily be detected, or into the cistern supplying the water heating apparatus with water at a level above the level of the water in the cistern.

ontlas word maklik opgemerk kan word, òf in die waterbak wat die waterverwarmingstoestel van water voorsien en bokant die vlak van die water daarin ontlas.

(2) No person shall obstruct or perform any act which prevents or is likely to prevent the effective operation of any outlet or expansion pipe, safety valve or device referred to in subsection (1).

(2) Niemand mag ‘n versperring aanbring of enigiets doen wat die doeltreffende werking van enige uitlaat- of oorkookpyp, veiligheidsklep of toestel waarna in subartikel (1) verwys word, sal belemmer of waarskynlik sal belemmer nie.

(3) A permanent notice shall be displayed in a conspicuous position on every such water heating device directing attention to the danger of obstructing the outlet or other pipe or device, as the case may be.

(3) Daar moet ‘n permanente kennisgewing aan elke sodanige waterverwarmingstoestel op ‘n opvallende plek aangebring word waarby die aandag gevestig word op die gevaar wat ‘n versperring van die uitlooppyp of ander pyp of toestel, na gelang van die geval, kan meebring.

Material of circulating or supply pipes

59. Circulating or supply pipes for hot water may be of lead, galvanized iron or copper, except that where used for heating purposes only the pipes may be of black iron.

Materiaal van sirkulasie of toevoerpype

59. Sirkulaise- of toevoerpype vir warm water kan van lood, gegalvaniseerde yster of koper wees, behalwe dat wanneer dit slegs vir verwarmingsdoeleindes gebruik word, dit van swart yster kan wees.

Distance between water installation and electric wires

60(1) No portion of the water installation shall, except where it is part of a specifically approved water installation, be laid, installed or maintained within 300 mm of, or be in metallic contact with, any electrical apparatus: Provided that this requirement shall not be taken as preventing electrical bonding as required by any by-laws or regulations for the supply and use of electrical energy and for the wiring of premises

Afstand tussen verbruikersleiding en elektriese drade

60(1) Geen deel van ‘n verbruikerswaterstelsel mag, tensy dit ‘n onderdeel van ‘n uitdruklike goedgekeurde verbruikerswaterstelsel vorm, binne 300mm van ‘n elektriese toestel af aangebring, aangelê of onderhou word, of in metaalkontak daarmee wees nie: Met dien verstande dat die samesnoering van elektriese geleidinge ingevolge enige bepaling van die verordeninge of regulasies betreffende die voorsiening en gebruik van elektrisiteit en die bedrading van persele geensins deur hierdie bepaling belet word nie.

(2) No tap, valve or similar apparatus shall be laid, installed, fixed or maintained within 2 m of an electrical socket outlet, appliance or distribution board without the prior written approval of the head of the council’s electricity department.

(2) Geen kraan, klep of soortgelyke toestel mag binne 2 m van ‘n elektriese steekstok, toestel of verdeelbord aangelê, aangebring, bevestig of onderhou word nie, sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die hoof van die raad se elektrisiteitsafdeling.

CHAPTER VI

SPECIAL PROVISIONS RELATING TO FIRE EXTINGUISHING SERVICES

Special provisions

61. Notwithstanding anything to the contrary contained in this Chapter, the provisions contained in the preceeding Chapters shall mutatis mutandis apply to the supply of water for fire extinguishing services and shall be deemed to have been included in every agreement for such supply.

Payment of Services

62. The consumer and the owner of premises shall be jointly and severally liable to pay the charges prescribed in the tariff in respect of any fire-estinguishing installation or appliance used or installe upon such premises.

Communication pipes for fire-extinguishing Services

63(1) All communication pipes which are intended for preventive or automatic use in case of fire shall be laid by the council as far as the boundary of the consumer's property

(2) Such communication pipes shall be used only for fire-extinguishing purposes.

HOOFSTUK VI

SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT BRANDBLUSDIENSTE

Spesiale bepalings

61. Ondanks andesluidende bepalings in hierdie hoofstuk vervat, is die bepalings wat in die voorafgaande Hoofstukke vervat is, *mutatis mutandis* van toepassing op die verskaffing van water vir brandblusdoeleindes, en daar word beskou dat dit ook in enige ooreenkoms ten opsigte van sodanige toevoer vervat is.

Betaling vir dienste

62. Die verbruiker en die eienaar van 'n perseel is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van gelde ooreenkomstig die tarief ten opsigte van enige brandblusleiding of –toestel wat op sodanige perseel gebruik word of geïnstalleer is.

Verbindingspype vir brandblusdienste

63(1) Die raad moet alle verbindingspype wat bedoel is vir voorkomingsdoeleindes of vir outomatiese gebruik in geval van brand, tot by die grens van die verbruiker se eiendom aanlê.

(2) Sodanige verbindingspype moet slegs vir brandblusdoeleindes gebruik word.

(3) *No take-off of any kind from any such communication pipe shall be made nor shall any water therefrom be used other than in connection with automatic sprinklers and drenchers, hydrant connections or hosereel connections or for the pressure tank connected therewith, and such tank shall be controlled by a suitable ball tap.*

(3) Geen afleiding van enige aard uit sodanige verbindingspyp mag gemaak word en geen water mag daaruit gebruik word nie, behalwe diè wat vereis word in verband met outomatiese sprinkelblustoestelle en drenk-blustoestelle, brandkraanverbindings of brandslangverbindings of vir die druktenk daaraan verbonde, en sodanige tenk moet deur middel van ‘n geskikte vlottekraan beheer word.

(4) *A separate communication pipe shall be laid and used for every sprinkler, hydrant and somestic supply installation.*

(4) ‘n Afsonderlike verbindingspyp moet vir elke sprinkelblustoestel, brandkraan en huishoudelike toevoerinstallasie aangelê en gebruik word.

Valves in communication pipes

Kleppe in verbindingspype

64. *Every communication pipe shall be fitted with a proper sluice valve shich shall be-*

64. Elke verbindingspyp moet ‘n behoorlike afsluitklep aanhê wat-

(a) *supplied by the council at the expense of the consumer;*

(a) deur die raad op koste van die verbruiker verskaf word;

(b) *installed between the consumer’s property and the main;*

(b) tussen die verbruiker se eiendom en die hoofwaterpyp aangebring word;

(c) *of the same diameter as the communication pipe; and*

(c) dieselfde deursenee as die verbindingspyp moet hê; en

(d) *installed in such position as may be determined by the engineer.*

(d) op ‘n plek aangebring word wat die ingenieur aanwys.

Extension of system

Uitbreiding van stelsel

65. *Without the written consent of the council no further sprinklers shall be added or connected to any existing fire-extinguishing system after such system has been connected to the main.*

65. Daar mag nie sonder die skriftelike toestemming van die raad verdere sprinkelblustoestelle tot ‘n bestaande brandblusstelsel toegevoeg of daaraan verbind word nie, nadat diè stelsel by die hoofwaterpyp aangesluit is.

Extension of system to other premises

66. No extension or connection from any fire-extinguishing system to other premises shall be made, and in the event of any such connection or extension being made, the council shall be entitled to enter upon such premises and take all steps necessary to remove such connection or extension at the cost of the person responsible for such extension or connection.

Uitbreiding van stelsel na ander persele

66. Geen brandblusstelsel mag met ander persele verbind of daarheen uitgebrei word nie, en indien so ‘n verbinding of uitbreiding wel plaasvind, is die raad geregtig om sodanige perseel te betree en die vereiste stappe te doen om diè verbinding of uitbreiding op koste van die persoon wat vir die verbinding of uitbreiding verantwoordelik is, te verwyder.

Inspection and approval of fire-extinguishing system

67. No extension or connection from any fire-extinguishing system to other premises shall be made, and in the event of any such connection or extension being made, the council shall be entitled to enter upon such premises and take all steps necessary to remove such connection or extension at the cost of the person responsible for such extension or connection.

Ondersoek en goedkeuring van brandblusstelsel

67. Geen water word aan enige brandblusstelsel verskaf voordat dit ondersoek is en die ingenieur of sy behoorlik gemagtigde verteewnoordiger skriftelik gesertifiseer het dat diè stelsel aan die vereistes van hierdie verordeninge voldoen en die werk tot sy voldoening verrig is nie.

Connection to be at pleasure of council

68(1) The council shall be entitled in its absolute discretion to grant or refuse an application for the connection of a fire-extinguishing installation to its main.

(2) If in its opinion a fire-extinguishing installation which it has allowed to be connected to its main is not being kept in proper working order or is otherwise not being properly maintained, the council shall be entitled either to require the installation to be disconnected from the main or itself to carry out the work of disconnecting it at the consumer’s expense.

Verbinding word toegelaat solank dit die raad behaag

68(1) Die raad kan, volkome na goeddunke, ‘n aansoek om ‘n brandblusinstallasie met sy hoofwaterpyp te verbind, toestaan of weier.

(2) Indien ‘n brandblusinstallasie wat hy met sy hoofwaterpyp laat verbind het, na sy mening nie in ‘n behoorlike werkende toestand gehou, of andersins nie behoorlik onderhou word nie, kan die raad òf gelas dat die installasie van die hoofwaterpyp losgekoppel word, òf kan hy dit self, op die verbruiker se koste laat loskoppel.

Meters in fire-extinguishing communication pipes

69. The council shall be entitled to install a water meter in the fire-extinguishing communication pipe and the owner of the premises shall be liable for the whole of the cost in so doing if it appears to the council that water has been drawn from the pipe otherwise than for the purpose of extinguishing a fire.

Provision of pressure gauge

70. A pressure gauge indicating the water pressure in kPa shall be fixed on all fire-extinguishing systems inside the premises of the consumer.

Installation of reflux valve

71(1) When a fire-extinguishing installation includes a fire-pump connection, a reflux valve of a type approved by the council shall be fitted on the premises in an accessible position permitting of its ready inspection, repair and removal.

(2) The said reflux valve shall be used to shutt off the domestic supply from the council's main whenever or for so long as the fire-pump connection is in use.

(3) The said reflux valve shall be serviced at least once annually by a registered bona fide firm approved by the engineer as being capable of undertaking such work.

(4) When called upon to do so by the engineer, the consumer shall produce a certificate from the said frim that the service has been done.

Meters in brandblusverbindingspype

69. Die raad kan 'n watermeter in die brandblusverbindingspyp aanbring, en die eienaar van die perseel moet al die koste in diè verband dra indien dit vir die raad blyk dat daar uit diè pyp water getap is wat nie vir die blus van 'n brand gebruik is nie.

Verskaffing van drukmeter

70. 'n Drukmeter wat die waterdruk in kPa aandui, moet aan alle brandblusstelsels binne die perseel van die verbruiker aangebring word.

Aanbring van terugslagklep

71(1) Wanneer 'n brandblusinstallasie ook 'n brandspuitverbinding bevat, moet daar op die perseel 'n terugslagklep van 'n tipe wat die raad goedgekeur het, aangebring word op 'n plek waar dit maklik ondersoek, herstel en verwyder kan word.

(2) Die genoemde terugslagklep moet gebruik word om die huishoudelike toevoer van die raad se hoofwaterpyp af, af te sluit wanneer en solank as wat die brandspuitverbinding gebruik word.

(3) Die genoemde terugslagklep moet minstens een maal per jaar bedien word deur 'n geregistreerde *bona fide* firma wat deur die ingenieur goedgekeur is as bevoegd om sodanige werk te onderneem.

(4) Wanneer deur die ingenieur daartoe verlang moet die verbruiker 'n sertifikaat van die genoemde firma toon dat die diens gedoen is.

Sprinkler extinguishing installation

72. A sprinkler installation may be installed in direct communication with the main, but the concil shall not be deemed to guarantee any specified pressure of water at any time.

Sprinkelblustoestelle

72. ‘n Sprinkelblustoestel kan regstreeks met die hoofwaterpyp verbind word, maar die raad waarborg nie ‘n bepaalde waterdruk te eniger tyd nie.

Header tank or double supply from mains

73(1) Unless a duplicate supply from a separate main is provided for the sprinkler installation, the consumer shall install a header tank at such an elevation as will compensate for any cessation or reduction of pressure in the council's main.

(2) The main pipe leading from the header tank to the sprinkler installation may be in direct communication with the main: Provided that in such case it is fitted with a reflux valve shich will close against the main and open to that of the tank should the pressure in the main not be available for any reason.

(3) An overflow pipe shall be fitted to such tank, which pipe shall discharge in such a position as to be readily observable,, and shall not be led away by any downpipe to any drain.

(4) Where a duplicate supply from a separate main is provided, each supply pipe shall be fitted with a reflux valve situated on the premises.

(5) The reflux valves installed in terms of subsections (2) and (4) shall be serviced annually as prescribed in section 71(3).

(6) The header tank shall be drained and refilled at least once per annum and the engineer shall be advised at least 48 hours before the tank is due to be drained to enable an inspection to be arranged and made, if necessary.

Aftaktenk of dubbele toevoer van hoofwaterpyp

73(1) Tensy daar 'n dubbele toevoer van 'n afsonderlike hoofwaterpyp af vir die sprinkelblustoestel verskaf word, moet die verbruiker 'n aftaktenk aanbring wat so hoog staan dat dit enige afname of vermindering van die druk in die raad se hoofwaterpyp sal aanvul.

(2) Die hoofpyp van die aftaktenk af na die sprinkelblustoestel kan regstreeks met die hoofwaterpyp verbind word: Met dien verstande dat dit in diè geval 'n terugslagklep moet aankry wat die openig na die hoofwaterpyp afsluit terwyl dit diè na die tenk oopmaak, indien die drukking in die hoofwaterpyp om die een of ander rede nie beskikbaar is nie.

(3) Daar moet 'n morspyp aan diè tenk aangebring word, wat sy water op 'n plek laat uitloop waar dit maklik sigbaar is; die water moet nie in 'n reènwaterpyp na die riool weggevoer word nie.

(4) Indien daar 'n dubbele tovoer van 'n afsonderlike hoofwaterpyp af verskaf word, moet elke tovoerpyp 'n terugslagklep aanhê wat binne in die perseel geleë is.

(5) Die terugslagkleppe wat ingevolge subartikels (2) en (4) geïnstalleer word, moet jaarliks soos in artikel 71(3) voorgeskryf, bedien word.

(6) Die aftaktenk moet minstens een maal per jaar leeggemaak en hervul word en die ingenieur moet minstens 48 uur voordat die tenk leeggemaak moet word, in kennis gestel word om 'n inspeksie te laat reël en doen, indien nodig.

Annual charges for sprinkler and drencher installation

74(1) The annual charges prescribed in the tariff for the inspection and maintenance of the communication pipes leading from the council's main to the boundary of a stand, erf or other area of land shall be payable in advance and shall become due in respect of every such pipe as soon as the council has notified the owner of the land that the pipe has been laid and is ready for connection to a fire extinghuishing installation on the land.

(2) the charges in terms of subsection (1) shall cover also the emptying and refilling of any tanks which may be necessary.

(3) The charges to be paid in terms of subsection (1) shall be calculated according to the volume of the tank, regard being had to the level to which the tank is filled.

Annual charges for private hydrant installations

75. The annual charges in terms of the tariff for the maintenance of connections and the inspection of private hydrant installations, other than sprinklers, shall be paid in advance

Sealing of private fire hydrants

76(1) All private hydrants shall be sealed by the council and such seals shall not be broken by any person other than the council's officers in the course of testing, except for the purpose of opening the hydrant in case of fire.

Jaarlikse gelde vir 'n sprinkel- en drenkblustoestel

74(1) Die jaarlikse gelde wat in die tarief voorgeskryf word vir die ondersoek en instandhouding van die verbindingspype wat van die raad se hoofwaterpyp na die grens van 'n standplaas, erf of ander stuk grond lei, moet vooruit betaal word, en word verskuldig ten opsite van elke sodanige pyp sodra die raad die eienaar van die grond in kennis gestel het dat die pyp aangelê is en met 'n brandblusinstallasie op die grond verbind kan word.

(2) Die gelde waarna in subartikel (1) verwys word, dek ook die leegmaak of hervul van tenks wat nodig mag wees.

(3) Die gelde wat ingevolge subartikel (1) betaal moet word, word bereken volgens die volume van die tenk, met inagneming van die hoogte waartoe die tenk gevul word.

Jaarlikse gelde vir private brandkraaninstallasies

75. Die jaarlikse gelde ingevolge die tarief vir die instandhouding van die verbindings en die inspeksie van private brandkraaninstallasies, behalwe sprinkelblustoestelle, moet vooruitbetaal word

Verseëling van private brandkrane

76(1) Alle private brandkrane moet deur die raad verseël word, en niemand behalwe beamptes van die raad wat toetse uitvoer, mag diè seëls breek, behalwe wanneer die brandkrane in die geval van brand oopgedraai moet word nie.

(2) The cost of resealing such hydrants shall be borne by the consumer except when such seals are broken by the council's officers for testing purposes.

(3) Any water consumed after the breaking of the seal, other than in the course of testing by the council or in case of fire, shall be paid for by the consumer at the rates prescribed in the tariff for domestic purposes. The quantity thus consumed shall be determined by the engineer.

CHAPTER VII

SPECIFICATIONS AND PENALTIES

Diameter of pipes

77(1) All diameters of pipes referred to in this Chapter relate to internal dimensions.

(2) No water installation pipe shall be less than 12 mm in diameter.

Material of water installation pipes

78. All water installation pipes shall be of galvanized iron, lead or copper: Provided that-

(a) piping of other suitable material may be used subject to the written permission of the engineer first had and obtained

(b) piping of not less than 75 mm diameter may be of iron or steel coated internally and externally with Dr. Angus Smith's or other suitable coating approved by the engineer.

(2) Die verbruiker moet die koste daaraan verbonde om die brandkrane weer te verseël, betaal, behalwe wanneer die raad se beamptes die seëls vir toetsdoeleindes gebreek het.

(3) Die verbruiker moet, behalwe wanneer die raad 'n toets uitgevoer het of in die geval van brand, vir al die water wat verbruik is nadat die seël gebreek is, betaal volgens die skaal vir huishoudelike doeleindes wat in die tarief voorgeskryf is. Die hoeveelheid wat aldus verbruik is, word deur die ingenieur vasgestel.

HOOFSTUK VIII

SPESIFIKASIES EN STRAWWE

Deursnee van pype

77(1) Al die deursneë van pype wat in hierdie Hoofstuk aangegee word, het betrekking op binnemate.

(2) Geen verbruikersleiding mag kleiner as 12 mm in deursnee wees nie.

Materiaal van verbruikersleidings

78 Alle verbruikersleidings moet van gesinkte yster, lood of koper wees: Met dien verstande dat-

(a) pype van ander geskikte material gebruik kan word, onderworpe daaraan dat die skriftelike toestemming van die ingenieur vooraf verkry moet word;

(b) pype met 'n deursnee van minstens 75 mm, van yster of staal gemaak kan wees, wat binne èn buite met dr. Angus Smith se oplossing, of 'n ander geskikte laag wat die ingenieur goedkeur, bedek is.

Iron pipes

79. All steel or iron pipes shall be in accordance with the relevant South African Bureau of Standards Specification for medium or heavy pipes or other recognized standard specification approved by the council.

Lead pipes

80. All lead pipes shall be in accordance with the relevant South African Bureau of Standards specification or other recognized standard specification approved by the council for working pressure of 750 kPa and shall, in addition, comply with the requirements of section 82.

Copper pipes

81. All copper piping shall be in accordance with the relevant South African Bureau of Standards Specification or other recognized standard specification approved by the council.

Pipes and fittings to withstand 2000Kpa pressure

82. All communication pipes, water installation pipes and fittings shall be capable of withstanding an internal pressure of 2 000 Kpa.

Ysterpype

79. Alle staal of ysterpype moet ooreenstem met die betrokke Suid Afrikaanse Buro vir Standaarde Spesifikasie vir medium of swaar pype of ander erkende standaardspesifikasie wat duer die raad goedgekeur word.

Loodpype

80. Alle loodpype moet ooreenstem met die betrokke Suid Afrikaanse Buro vir Standaarde Spesifikasie of ander erkende standaardspesifikasie wat deur die raad goedgekeur word vir ‘n werkdruk van 750 kPa en moet ook daarby aan die vereistes van artikel 82 voldoen.

Koperpype

81. Alle koperpype moet ooreenstem met die betrokke Suid Afrikaanse Buro vir Standaarde Spesifikasie of ander erkende standaardspesifikaise wat deur die raad goedgekeur word.

Pype en toebehore moet ‘n druk van 2000kPa kan weerstaan

82. Alle verbindingspype, verbruikersleidings en toebehore moet ‘n binne-druk van 2000 kPa kan weerstaan

Taps, ball valves and flushing valves

83(1)(a) *Unless otherwise specified, the component parts of flushing valves shall be of brass or gunmetal, or if hot pressings, of brass or manganese oronze, or in either case of an equally suitable corrosion-resisting alloy or other approved material.*

(b) *All flushing valves shall be of a waste-preventing type, shall have a flushing capacity as provided in the council's Drainage By-Laws and, subject to the provisions of section 54, shall be connected to the flush pipe.*

(c) *Parts of flushing valves intended for screwing shall have standard metric right hand threads and part of all fittings of the same size and intended for the same purpose shall be interchangeable.*

(d) *All flushing valves shall be tested to withstand a pressure of 2 000 kPa without leaking or sweating.*

(e) *The name or registered trade-mark of the makers shall be stamped on all flushing valves.*

(f) *Self-closing taps which are of a non-concussive type approved by the council and which will not cause damage to the meter and fittings and which have been tested, approved and stamped may be installed.*

(g) *The external form of bath or wash hand basins taps shall be optional to suit any particular style of bath or*

Krane, vlottekrane en spoelkleppe

83(1)(a) Tensy anders bepaal, moet die onderdele van spoelkleppe van geelkoper of geskutmetaal, of indien dit warmpersstukke is, van geelkoper of mangaanbrons, of in albei gevalle van 'n legering wat net so geskik en korrosiebestand is, of van ander goedgekeurde materiaal gemaak wees

(b) Al die spoelkleppe moet van 'n tipe wees wat vermorsing voorkom, en moet 'n spoelvermoë hê ooreenkomstig die bepalings van die raad se Rioleringsverordeninge en, onderworpe aan die bepalings van artikel 54, moet met die spoelpyp verbind wees.

(c) Onderdele van spoelkleppe wat ingeskroef word, moet standaard metriese regsom skroefdrade hê en onderdele van alle toebehore wat ewe groot is en vir dieselfde doel gebruik word, moet verwisselbaar wees.

(d) Alle spoelkleppe moet getoets word om 'n drukking van 2000kPa te weerstaan sonder om te lek of water te laat deursyfer.

(e) Die naam of geregistreerde handelsmerk van die vervaardigers moet op alle spoelkleppe gestempel wees.

(f) Selfsluitende krane van 'n skikbreektipe wat die raad goedgekeur het en wat die meter en toebehore nie sal beskadig nie en wat getoets, goedgekeur en gestempel is, kan aangebring word.

(g) Die buitevorm van bad of handewasbakkrane is na keuse om by enige besondere styl van bad of

was hand basin.

(2) Without prejudice to the provisions of section 47, the fees prescribed in the tariff shall be payable for the testing and stamping of taps, ball valves, flushing valves and other fittings

handewasbak te pas.

(2) Die gelde wat ingevolge die tarief voorgeskryf word, moet behoudens die bepalings van artikel 47, betaal word ten opsigte van alle waterkrane, vlottekrane, spoelkleppe en ander toerusting wat getoets en gestempel word.

Offences and penalties

84. Any person contravening or failing to comply with any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months, and in the case of a continuing offence, to a further fine not exceeding R5 for every day during the continuance of such offence after a written notice from the council has been issued, and for a second or subsequent offence liable on conviction to a fine not exceeding R200 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months.

Oortredings en strawwe

84. Iemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan ‘n misdryf, en is by skuldigbevinding strafbaar met ‘n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens drie maande, en in die geval van ‘n voortgesette misdryf, met ‘n verdere boete van hoogstens R5 vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur nadat skriftelike kennisgewing van die raad uitgereik is en vir ‘n tweede of latere misdryf by skuldigbevinding strafbaar met ‘n boete van hoogstens R200 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens 6 maande.